EERSTE GELUI

van DIE KERKKLOK

10 Februarie 2019

Mag die Nagmaal Sondag almal opnuut vul met verwondering oor God se genade.

Kerksaal, Eerstelaan 38 om 08:30

Dr. Chris Malan preek en hy lees uit Markus 6: 30-44.

Tema:
Ai, maar die groen gras sit lekker!

Kerk, Vierdelaan 67 om 09:30:

Ds. Steven Sass lei die diens en die skriflesing is Psalm 23.

Tema:
U laat my by 'n feesmaal aansit.

Gemeentesentrum, Disaweg Bettysbaai om 09:00:

Ds. Jannie Hougaard is die liturg en hy lees uit 2 Korintiërs 13: 9b.

Tema:
Geloofsgeaardheid



DEURKOLLEKTE: Plaaslike Getuienis
Volgende week vir Boufonds

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Veral bid ons vir

Ida Mouton van HK1

Frieda Willemse van Sc2 van Sc4

Ons dink aan Loe en Sybil Morkel van Ba1
wie se broer oorlede is.

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Dinsdag	16:30 Gebedsgroep
Donderdag	16:00 Kooroefening

Gelukkige VERJAARDAG!

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons hoop jy ervaar hierdie jaar die warmte van Jesus se liefde in jou omgang met jou broers en susters in die gemeente.

10 Februarie
ANNIE JOOSTE (Sa1)
HANJU LE ROUX (Ba3)
LINDA SMIT (Sa2)
SEAN VAN WYK (KB5)

11 Februarie
TROULA GOOSEN (BB6)
WILLIE VAN DER MERWE (BB3)
RIAN VAN NIEKERK (PM1)

12 Februarie
BEULAH ATTERBURY (Sc4)
MUNDI BARNARD (KB5)
DORIE GREYLING (Ba1)
ZITA LIEBENBERG (PM2)
JENNY VAN WYK (BB2)
ANNELIZE VISSER (Ba2)

13 Februarie
MIEMS MINNAAR (KP)
RITA NEL (Ba1)
BURNY SWIEGELAAR (BB2)

14 Februarie
MARYNA BRITZ (KB2)
WERNER CALITZ (Ba3)
SANMARI KRUGER (PM1)
JORIKA RABIE (BB1)
RETHA VAN HUYSSTEEN (KP)

15 Februarie
HANNETJIE BRITS (Sb1)
RUBEN HYMAN (Sb4)
ELSA NAUDE (BB5)
CHRISNA RETIEF (KB5)
ALIDA SCHLEBUSCH (PB1)
MONICA STEYN (PB3)
YVONNE VAN WYK (BB3)

16 Februarie
BETS DE KLERK (Ba1)
BEATY JANSE VAN RENSBURG (Sc4)
ADRÉ KLEYN (Sa3)
TRUDIE VAN DER WESTHUIZEN (Sb4)

Op Saterdag 30 Maart hou ons gemeente heerlik basaar!

OM SOLANK IN DIE GEES VAN DIE BASAAR TE KOM: BRING EN BRAAI

Op Sondag 24 Februarie is daar ’n lekker bring en braai by die kerksaal. Dit is ten bate van die kerkbasaar. Jy bring saam wat jy wil braai, jou eetgerei en drinkgoed. By die saal kry jy ’n broodtafel as voorgereg met paté, kaas en konfyt. Jy kry 2 slaaie en ’n warm aartappelgereg en die kole om jou vleis/hoender te braai. As jy ’n braaier benodig, sal so iemand ook voorsien word. En jy kry ’n heerlike nagereg en goeie geselskap! Die kaartjies kos R45 per persoon. Koop by die kerkkantoor.

GEBEDFOKUS

- Die aanbidding wat God wil hê is dankbaarheid. Ps 50: 14, 15 “Laat dankbaarheid liewer julle offer aan God wees, en doen wat julle die Allerhoogste beloof het. Dan kan julle My hulp vra as julle in die moeilikheid kom. Ek sal julle red, en julle sal My die eer gee.
- Ons bid vir geestelike verdieping van ons lidmate soos hulle aangedui het in hulle persoonlike gebedsversoeke. “Vantevore het ons maar net gehoor van die dinge wat God gedoen het, maar nou het ons dit self sien gebeur. Hierdie God is ons God vir ewig en altyd. Hy sal ons lei tot die einde toe.” (Ps 48:9 en 15)
- Ons lidmate is bekommerd oor die afvalligheid van hulle gesins- en familielede Ons bid daarvoor.
- “Here U het in U woord belowe dat U reën sal gee op die regte tyd sodat mens en dier kan lewe. Ons land het reën nodig wat net U kan gee. Hoor ons as ons tot U roep en vra vir reën asseblief.”

Let op dat ds. Steven se landlynnommer verander het:

Ds. Steven se nuwe landlynnommer 031 574 5870

WERKSWINKEL VIR ALLE KERKRAADSLEDE, WYKSOUDERLINGE EN DIENSWERKERS

Op Vrydag 15 en Saterdag 16 Februarie is daar ’n werkswinkel met die titel DIE PLAN vir **alle kerkraadslede** en **alle wyksouderlinge en dienswerkers**.

Die werkswinkel fokus op die volgende vrae:
“Wat op aarde is God besig om te doen? Het Hy ‘n plan? Waar pas ek in die plan in?”

Ds. Hendrik Saayman bied die werkswinkel aan in die kerksaal. Kom hoor hoe God jou wil deel maak van Sy plan vir ons gemeente. Die program lyk soos volg:

15 Februare	18:00	Aankoms Registrasie/ verwelkoming
	18:30	Sessie 1 **Die Groot Toneel**
	19:45	Koffie/Tee
	20:00	Sessie 2 **Die Groot Toneel** vervolg
	21:00	Verdaag
16 Februarie	08:00	Koffie en iets te ete
	08:30	Sessie 3 **Die Algemene Respons**
	10:00	Bene rek
	10:15	Sessie 4 **Die Algemene Respons** vervolg
	11:30	Sessie 5 **Die Kontekstuele Respons**
	11:45	Bene rek en tee/koffie
	12:00	Sessie 6 **God se Plan in Aksie**
	13:30	Verdaag

Ter wille van praktiese reëlings koop elkeen ’n kaartjie teen R10 om die koste te dek en die getalle bepaal kan word. Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar. Of bel net die kerkkantoor en bespreek jou plek en betaal by die werkswinkel self.

WIL JY INSKAKEL BY ’N KLEINGROEP?

Bel Nico Jacobs vir meer inligting en/of verwysing na ’n groep (☎028 271 3103 of 083 415 1947). Kom ervaar die warmte en omgee van ’n kleingroep en beleef die geestelike groei.

EKO-BEDIENING SKOP AF

Op Donderdagaand, 31 Januarie het Kleinmond gemeente se Eko-bediening sy eerste vergadering gehou. Hierdie diensgroep wil graag die gemeente inlig en help om prakties ’n ligter voetspoor in God se skepping na te laat.

Daar is besluit dat die herwinning van afval die eerste prioriteit sal wees. Die gemeente sal eersdaags meer oor hierdie onderwerp hoor. Intussen, voor jy iets koop, kyk na die verpakking en dink aan hierdie moontlikhede: REfuse, REduce, RE-use en REcycle.

Alle belangstellendes kan gerus met Jan Momsen skakel by 082 414 4254.

Hier is almal wat by die eerste vergadering teenwoordig was.

Vergaderings skuif
Aandag
Kerkraadslede
wyksouderlinge

Weens onvoorsiene omstandighede skuif die Kerkraadsvergadering ’n week aan na Maandag

25 Februarie.

Dit veroorsaak dat die streekkerkrade ook hul vergadering ’n week moet aanskuif. Die Berg- en Seestreek skuif na Woensdag

27 Februarie.

Die Hangklipstreek skuif na

13 Maart.

NUWE INTREKKERS IN HANGKLIP

Sondag 24 Februarie, na afloop van die diens in die sentrum in Bettysbaai, is daar ‘n verwelkoming vir nuwe intrekkers.

Almal word genooi vir koffie/tee en ligte verversings.

WYKSBYEENKOMSTE

Dinsdag		
Bb1-4	10:00	Retha de Wet, Agstelaan 29
Sa4	10:00	Hannes en S’ta Vlotman, Vierdelaan 122
Sb1-3	15:30	Konsistorie
PM3	15:00	Daleen Swart, Palmietweg 70
BB5+6	18:00	Rudi + Linette Perold, Fourstreamweg 3029
BB3+4	18:00	JC en Elseline, Wallace straat, Brigadoon (groen saal)
Woensdag		
KP	09:30	Kogelparksaal
Ba1-3	10:00	Leon en Leza Louw, Lobelia 6
PM1	15:00	Louis en Gerda Olivier, Gerrit Maritzstr. 33
HK1+2	15:30	Annemarie Nel, Gousblomlaan 8
BB1+2	17:30	Du Toit + Engela Meyburgh, Caesarweg 1588
Donderdag		
Sc1	10:00	Louise Cloete, Vierdelaan 48
Sa3	10:00	Pierre le Roux, Tiendestraat 60

AGAPE-BYEENKOMS

Ons heel eerste byeenkoms in 2019 gaan vrolik wees met sang en musiek. Ons gaan saam met Stephne van Dyk die middag deurbring in opgewekte stemming.

Alle lidmate is baie welkom. Soos ons nuwe naam sê, wil ons graag saam met hulle in die liefde van God deel.

Saterdag 16 Februarie - VGK Kalkoentjie str, Proteadorp

Hoe laat? 3 nm

Indien u belangstel om te kom en soek na meer inligting of dalk 'n saamry geleentheid, kan u die volgende dames skakel:

Judith 082 325 1231 + Sanet 083 330 1282 028271 3208

INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Die datum van die saambid geleentheid het verander van die eerste Sondag in die maand na **die derde Sondag van die maand** aangesien daar heelwat ander aktiwiteite vroeër in die maand is. Sal NG lidmate asb. die verandering op hulle kerk almanakke aanbring? Die tyd en plek is steeds **om 15:30 in die VG Kerk in Proteadorp**. Kom neem deel daaraan en ondervind die seën van die eenheid van gelowiges oor kerkgrense heen. Vir meer besonderhede bel Lisel Krige sel 082 572 2711\028 272 9533 of Hesta Smit 028 271 4000 / 083 608 4356

KONTANTLOSE DANKOFFERS?

Besef jy ook soms Sondagoggend: ek het nie genoeg kontant in my beursie vir my dankbaarheid in die erediens nie? Jy kan nou elektronies jou dankoffer gee met *SnapScan* en jou selfoon (wat op in die kerk *silent* gestel is! 😊)

As *SnapScan* nog nie op jou foon is nie, gaan (by die huis) soos volg te werk:

1. Maak *Google Play Store* oop en kies om *SnapScan* te installeer. Kies dan *Open*. iPhones kry die toep natuurlik by hulle elektroniese "winkel."
2. Kies OK om die toep toe te laat om met jou foon te kan werk. Kies oral *Allow*. Voer dan jou e-posadres in en *Submit*. Die program sal jou lei om die nodige veiligheidstappe te voltooi en jou gegewens in te vul.
3. Die volgende stap is om jou bankkaart in te voer. *SnapScan* neem sommer 'n foto daarvan. Sorg dat die randjie om die kaart op die toep heeltemal groen is. As dit nie gebeur nie, kies die Keyboard opsie en vul al die nommers wat gevra word in. Maak ook seker dat jou kaart toestemming en 'n limiet het vir telefoontransaksies. Dit word by jou internetbanktoep gedoen. Jy sal ook 'n PIN vir *SnapScan* moet kies (en onthou!)

4. Die *SnapScan*-ikoon sal iewers op jou foon se aangesig wees. Gebruik dit om die toep oop te maak vir 'n transaksie. Kies dan die blou kamera-ikoon en skandeer ons blokkode in die Kerkklok. Vul die bedrag in en kies die opsie waarnatoe die geld betaal moet word.
5. Ons kry dadelik kennis van die betaling én spaar self baie op bankkoste.

Dankie!

Die Adminkommissie.

BESKIKBAARHEID VAN MAATSKAPLIKE DIENSTE

Anita Olivari – is ‘n Fynbos vrywilliger wat hoofsaaklik net beskikbaar is vir bejaarde persone. Dus persone bo 60 en is beskikbaar van Dinsdae tot Donderdae. Versoeke kan via Melanie van Fynbos of Diens van Barmhartigheid aan haar gerig word.

Sandra van Schalkwyk is ook beskikbaar na ure wanneer haar werkslading dit toelaat. Sy reageer net op ‘n versoek van Diens van Barmhartigheid of een van die leraars.

Ons gemeente se snapscan-kode

Leraars:
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com
Kerkkantoor: 0282713470 nelineburger@gmail.com
Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za
Facebook: NGK Kleinmond.

Om direk met die kerkraad te kommunikeer:
ngkkleinmond@gmail.com